Close this circular | Maak omsendbrief toe | Buyela emva

**Navrae:** Nariman Khan
Oscar Apollis

**Telefoon:** 021 467 2597/ 8

**Faks:** 021 467 2573

**Verwysing:** 13/12/49
20090505-0079

**Wes-Kaap Onderwysdepartement**

**Western Cape Education Department**

**ISebe IeMfundo IeNtshona Koloni**

OMSENDBRIEF : 0024/2009
VERVALDATUM : GEEN

AAN: **HOOFDIREKTEURE,DIREKTEURE,IBB-BESTUURDERS, KRINGSPANBESTUURDERS,IBB-ADVISEURS, PRINSIPALE, BEHEERLIGGAME, OPVOEDERS EN LEERDERS VAN OPENBARE PRIMÊRE EN SEKONDÊRE SKOLE**

KORT OPSOMMING: *Voorbeeld van 'n gedragskode vir 'n skool*

**ONDERWERP: SKOOL SE GEDRAGSKODE**

1. Die nasionale Departement van Onderwys het 'n voorbeeld van 'n gedragskode vir skole beskikbaar gestel. Die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84/1996) propageer die beginsel baie duidelik dat elke skool sy eie gedragskode vir leerders moet ontwikkel. Elke skool moet egter groot sorg neem dat sy kode deur middel van demokratiese metodes en konsultasie ontwikkel word. Dit moet ook verseker dat al sy bepalings pas binne die Suid-Afrikaanse Grondwet, wat die Handves van Regte, en veral die regte van kinders insluit.
2. Die gedragskode moet die reëls uitspel ten opsigte van die dissiplinêre stelsel wat deur die skool geïmplementeer moet word en moet die leerdergedrag omskryf op skool en op die terrein of wanneer die leerders weg van die skool is en die skool verteenwoordig of 'n skoolfunksie bywoon.
3. Ons wil graag beklemtoon dat skole in hulle gedragskode klem moet lê op die **Regulasies vir Veiligheidsmaatreëls by Openbare Skole, soos gepromulgeer deur Regeringskennisgewing maatreël 4 van 1040 van 12 Oktober 2001 (soos gewysig deur Regeringskennisgewing R1128 in die *Regeringskoerant* 29376 van 10 November 2006), SASW (84/1996)** en die **Wysiging: Regulasie vir Veiligheidsmaatreëls by Openbare Skole 29376, 10 November 2006**, soos dit van toepassing is op die teenwoordigheid van gevaarlike voorwerpe of onwettige dwelms op openbare skoolgronde, of op die persoon wat hierdie regulasies oortree.
4. Om skole te help om hulle eie gedragskode op te stel met die oog op die vestiging van 'n gedissiplineerde en doelmatige omgewing wat doeltreffende onderrig en leer by die skool bevorder, sluit ons in 'n elektroniese weergawe van die boek, ***A Code of Conduct for a School***.

   Die weergawe gee die volgende in hooftrekke:

   **Deel 1: Skoolreëls**

   **Deel 2: Dissiplinêre stelsel**

   **Bylae A:**

   - Leerdertoewydingsvorm

   **Bylae B:**

   - Tabel 1: Lys van oortredings per graad van oortreding
   - Tabel 2: Lys van die moontlike dissiplinêre sanksies wat toegepas moet word vir graad 1, 2, 3,

en 4 oortredings onderskeidelik

**Bylae C:**

- Voorbeeld van 'n geskrewe waarskuwing

**Bylae D:**

- Voorbeeld van 'n finale geskrewe waarskuwing

**Bylae E:**

- Voorbeeld van 'n kennisgewing van 'n dissiplinêre verhoor.

**Bylae F:**

- Voorbeeld van 'n opname van 'n dissiplinêre verhoor.

**Bylae G:**

- Voorbeeld van die aanteken van 'n appél (Hersieningsvorm)

5. Ons vertrou dat u hierdie gids nuttig sal vind en dat u 'n gedragskode sal ontwikkel wat u sal help om 'n veilige omgewing te skep vir die lewering van onderwys en leer van gehalte.

**GETEKEN:** RB SWARTZ
**HOOF: ONDERWYS**
**DATUM:** 2009:06:30

Grand Central Towers, Laer-Parlementstraat, Privaatsak X9114, Kaapstad 8000
Meld asseblief verwysingsnommers in alle korrespondensie
VEILIGE SKOLE: 0800 45 46 47
INBELSENTRUM: 0861 92 33 22

Die volgende dokument(e) het betrekking op hierdie omsendbrief.
*Adobe Acrobat Reader®* word benodig om hierdie dokumente te lees / druk.
Kliek op die onderstaande titel: die dokument sal in Adobe Acrobat Reader® oopmaak waar u dit kan lees en/of druk.
Kliek op die WKOD-aanlyn logo aan die bokant van die skerm om terug te keer na die omsendbrief.

Volledige boek: "*A Code of Conduct for a School*" (grootte: 409 KB)

"*Introduction and Part 1: School Rules*" (grootte: 134 KB)
"*Part 2: Disciplinary System*" (grootte: 108 KB)
Bylae: "*Annexures A - G*" (grootte: 190 KB)

na bo

Close this circular | Maak omsendbrief toe | Buyela emva